
STUDY Mate
GRADE 11
ISSUE 7 2008
188 DAYS before final exams!
Afrikaans Eerste Addisionele Taal
Mathematics · Mathematical Literacy · English FAL · Afrikaans FAL · Physical Science · Life Sciences · Accounting · Business Studies · History · Geography
learning channel





# National Senior Certificate Grade 11
# Afrikaans Eerste Addisionele Taal
## Memorandum 2007 – Paper 1

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: KOERANTARTIKEL

1.1 verantwoordelikheid (EEN WOORD) (1)
1.2 A: kwaaddoener (1)
1.3 (hulle moet) toesig hou (oor hul kinders se skoolwerk)/die rol van die opvoeder (1)
1.4 1.4.1 ONWAAR (1)
1.4.1 "(Sy vra) die gemeenskap se hulp (met beplanning)" (Haal 'N GEDEELTE VAN 'N SIN aan) (1)
1.5 nie 'n algemene verskynsel nie ('N GEDEELTE VAN 'N SIN) (1)
1.6
- metaalverklikkers (1)
- kringtelevisiekameras (1) (2)

1.7 leerlinge sal bang wees om dwelms skool toe te bring/hulle sal uitgevang word/die toetse sal wys dat hulle onder die invloed van dwelms is (of soortgelyk) (1)
1.8 sy gaan 'n vergadering (met skoolbeheerliggame, onderwysvakbonde, nie-regeringsorganisasies en jeuggroepe) (met nog mense/groepe) hou (om verdere planne en oplossings vir skolegeweld te bespreek) (1)
1.9 Opvoeders kan nie alleen die verantwoordelikheid vir leerders se dissipline aanvaar nie./ Opvoeders het die samewerking van die gemeenskap nodig. (of soortgelyk) (EEN SIN) (1)
**[11]**

1.10 om "nee" te sê vir groepdruk/sê "nee"/om jongmense te waarsku teen groepdruk (of soortgelyk) (1)
1.11 1.11.1 B: ongelukkig (1)
1.12 1.12.1 ONWAAR (1)
1.12.2 "Bly weg van dinge wat jou ongemaklik laat voel" (EEN SIN aanhaal) (1)
1.13 "Jy moet weet wie jy is en wat jou perke is." (EEN SIN aanhaal) (1)
1.14 julle stel belang in dieselfde goed/julle sal mekaar verstaan as julle oor iets verskil/julle sal mekaar help om die regte keuses te doen/julle sal mekaar help om sterk te staan teen negatiewe dinge (Of soortgelyk) (1)
1.15 B: Jy moet daarvan wegbly. (1)
1.17 Almal is anders, selfs hulle. (Of soortgelyk) (1)
1.16 seuns is gewoonlik bang om emosies te toon, en hulle wil waaghalsig optree/seuns mag nie sê hulle is bang nie/seuns wil hul dapperheid toon/seuns beskou dit as 'n swakheid om "nee" te sê/hulle sal deel van die groep word/seuns word grootgemaak met die tipiese beeld van man-wees (of soortgelyk) (1)
1.18 jy kan (daarna) uitgestoot/alleen voel (of soortgelyk) (1)
1.19 as jy getrou aan jou waardes bly/as jy nie doen wat almal doen nie/as jy nie almal navolg nie/as jy by jou besluite staan (of soortgelyk) (1)
**[11]**

1.20 Spec-savers/(*Infinity*-)sonbrille/oogware/(veranderlike) tintlense/lense wat verander volgens die weer (1)
1.21 om die aandag van die lesers te kry/dit is waarin die lesers sal belangstel/dit is wat hulle (regtig/eintlik) adverteer (of soortgelyk) (1)
1.22 1.22.1 Transitions. (1)
1.22.2 Jy spaar R500 (as jy Transitions koop/op 'n ontwerpersonbril van R1 000 of meer)./ Transitions is goedkoper./Jy spaar meer as jy Transitions koop./Jou (twee) gratis sonbrille is meer werd. (of soortgelyk) (EEN SIN) (1)
1.23 gesin (EEN WOORD) (1)
1.24 1.24.1 ONWAAR. (1)
1.24.2 Jy kan 'n/jou koopkaart(e) gebruik/Jy kan met 'n/jou koopkaart(e) betaal (of soortgelyk) (1)
1.25 Die manier waarop die foto van die meisie geneem is, wys dat 'n mens se oë (buite) teen die son/enige weer/ beskerm word./Die foto is so geneem om te wys hoe die lense verander volgens die weer (Of soortgelyk) (1)
**[8]**

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2: REIS OORSEE VIR MINDER

Die opsomming word TWEE keer gelees:
- vir feite en taalfoute.
- vir direkte aanhalings en onvolledige sinne.

FEITE:
- Sien eerste sewe sinne inhoudelik na, al is die sinne in paragraafvorm.
- Regmerkie bokant elke wenk.
- Slegs een wenk per sin word nagesien.
- Indien **geen wenk** inhoudelik reg is nie, kry die kandidaat **nul vir die getal woorde en vir taal**.

FEITE (F) [7]

| **Feite korrek** | **Maksimum taalpunt(e)** |
|---|---|
| Geen feite korrek nie | Maksimum taalpunt: 0 |
| Een tot drie feite korrek | Maksimum taalpunt: 1 |
| Vier en meer feite korrek | Maksimum taalpunte: 2 |
| ✓ Leesteken- en spelfoute word nie gepenaliseer nie.<br>✓ Taalfoute word net in korrekte feite gepenaliseer.<br>✓ Kandidate word net een keer vir elke soort fout gepenaliseer. | |

TAAL (T) [2]

| **Taalfoute** | **Penaliseer van totaal** |
|---|---|
| Twee tot drie taalfoute | –1 |
| Vier en meer taalfoute | –2 |

TIPIESE TAALFOUTE

| | | |
|---|---|---|
| Woordorde in enkelvoudige sin (bv. o/werp + ww. + v/werp) | – | Dubbelnegatief |
| Tyd, wyse, plek | – | Lydende vorm |
| Direkte vertaling (moedertaalinvloed) | – | Voornaamwoorde |
| Woordorde in saamgestelde sinne (Voegwoord 1, 2 en 3) | – | Infinitief |
| Omgekeerde woordorde | – | Vreemde woorde |

education
Department: Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DIREKTE AANHALING (A)

| Direkte aanhalings/nie eie sinne nie | Penaliseer van totaal |
|---|---|
| Twee tot drie direkte aanhalings | -2 |
| Vier en meer direkte aanhalings | -3 |
| Indien vier of meer direkte aanhalings, word geen taalpunte toegeken nie. | NUL VIR TAAL |

NIE VOLSINNE NIE (V)

| Nie sinne nie | Penaliseer van totaal |
|---|---|
| Twee tot drie feite nie in sinne nie | -2 |
| Vier en meer feite nie in sinne nie | -3 |

NEERSKRYF VAN PUNTE

| | KODE | PUNT | |
|---|---|---|---|
| Getal feite korrek | F | 7 | Maks = 7 |
| Taalfoute | T | 2 | Maks = 2 |
| Woorde aangedui/ nie lengte oorskry nie (meer as 80 woorde) | W | 1 | Maks = 1 |
| **Subtotaal** | | 10 | |
| Direkte aanhalings | A | –3 | Maks = –3 |
| Nie volsinne nie | V | –3 | Maks = –3 |
| **TOTAAL – (A en/of V)** | | 10 – 6 | = 4 |

**Voorbeeld:**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Dis **hard** werk om 'n troeteldier te kies. | ✓ | T |
| **2. Dis harde werk en dit vra tyd en geduld om troeteldiere groot te maak.** | ✓ | A |
| 3. Kies 'n troeteldier wat by jou gesin pas. | ✓ | |
| **4. Moet 'n hond kies wat van mense hou.** | ✓ | V |
| 5. Gaan koop 'n veearts. | x | |
| 6. Maak tyd vir jouself. | x | |
| 7. Verwyder gevaarlike voorwerpe. (49 woorde) | ✓ | |

| | KODE | PUNT |
|---|---|---|
| Getal feite korrek | F | 5 |
| Taal | T | 2 |
| Woorde aangedui/lengte nie oorskry nie (nie meer as 70 woorde nie) | W | 1 |
| **Subtotaal** | | **8** |
| Direkte aanhalings | A | 0 |
| Nie volsinne nie | V | 0 |
| TOTAAL – (A en/of V) | **8–0** | **8** |

**[10]**

- Die klem val hier op die **donkergedrukte** hoofgedagtes en **NIE** op die **moontlike verwerking** van die teks **NIE**.

| Direkte aanhaling uit teks | Moontlike verwerking |
|---|---|
| **1.** Dink daaraan om na 'n kleiner lughawe naby 'n groot stad te vlieg. As jy Brittanje toe gaan, kan jy eerder na die Gatwick–lughawe toe vlieg as om direk na die Heathrow-lughawe te vlieg. Dis 'n halfuur per trein van Sentraal-Londen af. | **Beplan jou vlug** wanneer jy oorsee gaan. (7) óf **Vlieg** liewer/eerder **na 'n kleiner lughawe** buite 'n groot stad./**Moenie na 'n groot lughawe** in 'n stad **vlieg** nie. (10) |
| **2.** Hou jou oë oop vir spesiale vlugaanbiedings, maar onthou om seker te maak dat die gekwoteerde pryse belasting en kostes soos die reisagent se gelde insluit. | Wees op die uitkyk vir **spesiale aanbiedings/ vlugte**. (7) óf Maak seker dat **spesiale (vlug)aanbiedings alle kostes insluit**. (8) |
| **3.** Laat die internet vir jou werk. Jy kan die goedkoopste aanbiedings soek op webtuistes soos *expedia.com* of *hotels.com*. | **Gebruik die internet** om goedkoop aanbiedings te soek. (8) |
| **4.** As jy 'n motor wil huur, bespreek vooraf die goedkoopste motor. Moenie wag totdat jy daar is nie. Ekonomiese klas motors is nie altyd op die dag beskikbaar nie en jy sal dan outomaties 'n beter motor kry teen dieselfde prys. | Bespreek voor die tyd **'n ekonomiese (klas)/die goedkoopste motor**. (7) óf As jy **vooraf** die goedkoopste/ekonomiese (klas) motor **bespreek**, kan jy **daar miskien 'n beter motor kry.** (15) |
| **5.** Probeer om jou kos nie op duur plekke soos lughawens en populêre toeristeplekke te koop nie. Supermarkte in plaaslike inkopieplekke is goedkoper en jy kan jou kos saamdra. | **Koop kos by supermarkte/**goedkoop plekke. (4) |
| **6.** Beplan jou program so dat jy nagtreine gebruik om tussen die verskillende plekke te reis. So spaar jy die koste van 'n hotelkamer. | **Ry/reis in die nag.** (4) |
| **7.** As jy beplan om 'n tydjie op een plek te bly, dink daaraan om 'n woonplek te huur of om jou woonplek uit te ruil. Jy kan jou woonplek deur agentskappe soos www.homelink.org en teen 'n tarief van R1 000 laat registreer. | Jy kan jou **woonplek uitruil of huur.** (7) |

TOTAAL VIR AFDELING B: 10

TOTAAL AFDELING B: [10]

## AFDELING C : TAAL

### VRAAG 3 : STROKIESPRENT

- Indien die woorde met hoofletters aangebied word, is dit korrek.
- Waar keuses aangebied word, word verwag dat die kandidaat die antwoord korrek oorskryf.

| NR. | ANTWOORD | NKV-ONTLEDING |
|---|---|---|
| 3.1 | toekoms | Antoniem |
| 3.2 | tuinwerker/tuinhulp/tuinier | S.nw. > persoonsnaam |
| 3.3 | lewenstyl | Samestelling |
| 3.4 | skatryk/stinkryk | B.nw.: intensiewe vorm |
| 3.5 | daarvoor | Aanw. vnw. |
| 3.6 | verras | S.nw. > ww. |
| 3.7 | te | Voorsetsel |
| 3.8 | onmiddellik | Sinoniem |
| 3.9 | skokkende | Teenwoordige (onvoltooide) deelwoord as b.nw. attr. |
| 3.10 | slegte | B.nw.: attributief |
| 3.11 | reaksie | Ww. > s.nw. |
| 3.12 | ontsteld | Woordkeuse: korrekte spelling |
| 3.13 | neseiertjie | S.nw.: verkleining |
| 3.14 | weet | Woordkeuse: verwarrende woordgroepe |
| 3.15 | gesweet | Woordkeuse: idiomatiese uitdrukking voltooi |
| 3.16 | sewentien | Telwoord uitskryf |
| 3.17 | geleenthede | S.nw.: meervoud |
| 3.18 | nl. | Afkorting |
| 3.19 | geneem | Woordkeuse: ww. in vaste verbinding |
| 3.20 | soggens | Bw. van tyd: een woord |

[20]

**STROKIESPRENT**

| NR. | ANTWOORD | NKV-ONTLEDING | PUNTE |
|---|---|---|---|
| 3.21 | … hulle 'n gelukkige Kersfees toe te wens (sp.) (1). | Infinitief met om …deeltjieww. + te + deeltjieww. | (1) |
| 3.22 | … hy gaan (1) Durban toe. | Vgw.1: ww. tweede plek in sin | (1) |
| 3.23 | … hierdie jaar skielik Durban toe (1). | Bywoordelike bepaling van tyd, wyse en plek | (1) |
| 3.24 | … nêrens (1) sien nie (1). | Ontkennende vorm: … êrens > nêrens … nie | (2) |
| 3.25 | … vra hy (1) waar die taxi is | Vgw. 2 verbind sinne, dus skryf eerste ww. uit sin 2 direk na die vgw. en voltooi sin 2 sonder enige verdere verandering in woordorde | (1) |
| 3.26 | … aangebreek (Sp.) (1) | Verledetydsvorm van ww.: deeltjieww. | (1) |
| 3.27 | … hy gesteel is (1). | Vgw. 3 verbind 2 sinne, dus skryf ww. uit sin 2 aan einde van sin 2 en voltooi sin sonder enige verdere verandering in woordorde | (1) |
| 3.28 | , … is hy (1) dadelik kwaad! | Vgw. 3 begin sin, dus skryf eerste ww. uit sin 2 direk na die komma en voltooi sin 2 sonder enige verdere verandering in woordorde. | (1) |
| 3.29 | … gaan Hêppie (1) nou geld verdien? | Stelsin > vraagsin | (1) |
| 3.30 | … onpadwaardig (1) (Sp.)! | Negatiewe > positiewe stelling | (1) |
| 3.31 | … die diewe weggery het (1), ... | Vgw. 3 begin sin, dus skryf eerste ww. uit sin 1 aan einde van sin 1 in korrekte volgorde | (1) |
| 3.32 | … ver te kom (1) nie. | Infinitief met behoort … te + ww. | (1) |
| 3.33 | … gaan gevang word (1) deur die verkeerspolisie (1). óf … gaan [deur die verkeerspolisie (1)] gevang word (1). | Lydende vorm teenwoordige tyd met gaan … vang > gaan … gevang word … deur die verkeerspolisie | (2) |
| 3.34 | bedelbrief/bedelbord/bedelplakkaat (Sp.) | Woordeboekgebruik: kan eie woord skep na aanleiding van *bedelbrief* | (1) |
| 3.35 | … hy (1) mos nie baie geld gaan maak (1) nie.… | Direkte > indirekte rede met pers. vnw. jy > hy en met vgw. 3 skryf wwe. aan einde van sin voor in korrekte volgorde met dubbelnegatief nog heel laaste | (2) |
| 3.36 | … oral (staan) op die straathoeke (staan) (1)! | Betr. vnw. as vgw. 3, skryf ww. aan einde van sin voor of na voorsetselgroep | (1) |
| 3.37 | "Hêppie, jy is mal!"/"Hêppie, ek kan nie glo wat ek hoor nie!"/"Hêppie, die vakansiegangers het nie geld by hulle in die see nie!" (Of soortgelyk) | Korrekte woordorde en sin spreek skok uit (1) Korrekte leestekens (1) | (2) |

**TOTAAL VIR AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

NEXT WEEK: Mathematics Grade 12

# National Senior Certificate Grade 11
# Afrikaans Eerste Addisionele Taal
## Exemplar 2007 – Paper 3

**PUNTE: 100**
TYD: 2½ uur

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings, naamlik AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.
2. Skryf DRIE tekste:
   - Beantwoord EEN vraag uit AFDELING A: OPSTEL
   - Beantwoord EEN vraag uit AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS
   - Beantwoord EEN vraag uit AFDELING C: KORTER TEKS: TRANSAKSIONEEL/NASLAAN/INFORMATIEF
3. Begin elke skryfstuk/teks op 'n NUWE bladsy.
4. By elke vraag moet genoegsame bewyse van beplanning en redigering wees:
   4.1 Dui die beplanning aan as: BEPLANNING
   4.2 Dui die finale produk aan as: FINALE SKRYFSTUK/TEKS
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Dui die nommer en onderwerp van jou skryfstuk duidelik aan.
7. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
8. Punte word vir *beplanning*/*redigering*, *taal*/*styl* en *inhoud* toegeken.
9. Lees AL die vrae aandagtig deur en voer die opdragte noukeurig uit.
10. Skryf netjies en leesbaar met blou ink.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Kies EEN onderwerp en skryf 200 – 250 woorde daaroor.
- Daar moet bewys van beplanning in jou antwoordeboek wees.
- Dui jou finale skryfstuk duidelik vir assessering aan.

**1.1 VERHALENDE OPSTEL**
Die Suid-Afrikaanse Skrywersvereniging het 'n storiekompetisie vir hoërskool-leerders uitgeskryf. Jy wil graag daaraan deelneem. Die onderwerp van die storie waaroor die leerders moet skryf, is:
**As die taxi nie gestop het nie, was my lewe nog dieselfde ...**
Skryf 'n storie waarin hierdie sin op enige plek voorkom. Jou storie moet 'n titel hê. Die beste storie wen R2 000!
As jy vashaak, kan jy aan die volgende dink:
- Waarheen jy met 'n taxi op pad was
- Hoekom die taxi gestop het
- Wat gebeur het toe die taxi gestop het
- Hoe die gebeurtenis jou lewe beïnvloed het (50)

**ÓF**

**1.2 BESKRYWENDE OPSTEL**
In die Afrikaans-klas het julle gepraat oor almal wat gehelp het om julle groot te maak en wat 'n bydrae tot julle lewe gemaak het. Dit was 'n interessante gesprek en julle het besluit om elkeen 'n opstel te skryf. Jy gaan 'n opstel skryf waarin jy vir jou maats vertel van 'n spesifieke persoon aan wie jy baie te danke het. Die onderwerp van die opstel is:
**Dit wat ek vandag is, het ek te danke aan …**
As jy vashaak, kan jy aan die volgende dink:
- Wie die persoon is
- Wat die persoon alles vir jou gedoen het
- Hoe die persoon jou lewe beïnvloed het
- Hoe dankbaar jy teenoor hierdie persoon is (50)

**ÓF**

**1.3 BESPIEGELENDE OPSTEL**
Om 'n tiener te wees, is nie maklik nie.
François Bloemhof het 'n boek geskryf met die titel, '*nie vir kinders nie*'. Dit gaan oor al die versoekings wat tieners in die grootwordproses ervaar. Hierdie boek het jou daaraan laat dink dat dit nie maklik is om 'n tiener te wees nie. Vertel wat jy oor hierdie probleem dink.
As jy vashaak, kan jy aan die volgende dink:
- Wat die lewe vir 'n tiener moeilik maak
- Hoekom die lewe vir 'n tiener moeilik is
- Wat gedoen kan word om die lewe vir 'n tiener makliker te maak (50)

**ÓF**

**1.4 ARGUMENTERENDE OPSTEL**
**Vleilandprojekte is 'n goeie ding!!**
Naby julle huis is 'n vleiland wat bewaar word. Ontwikkelaars wil nou huise daar bou. Jy is baie ontsteld daaroor.
Skryf nou die argumente wat jy sal gebruik as jy met hulle gaan praat oor hoekom jy dink die vleiland bewaar moet word, in opstelvorm neer.
As jy vashaak, kan jy aan die volgende dink:
- Wat 'n vleiland is
- Hoekom 'n vleiland bewaar moet word (die voëllewe, dierelewe, plantlewe)
- Hoe die vleiland bewaar moet word
- Wat gaan gebeur as huise in die vleiland gebou gaan word (50)

**ÓF**

**1.5 BEREDENERENDE OPSTEL**
**TV-speletjies is gevaarlik**
Jy en jou ouers verskil oor die waarde van TV-speletjies. Hulle sê dat navorsing al hoe meer toon dat TV-speletjies nie altyd goed vir kinders is nie. Jy verskil van hulle. Skryf die redes hoekom jy van hulle verskil, in opstelvorm neer.
As jy vashaak, kan jy aan die volgende dink:
- Stem jy saam met hierdie stelling?
- Hoekom jy met hierdie stelling saamstem/nie saamstem nie
- Die redes vir jou standpunt (50)

**ÓF**

1.6 Kyk baie goed na die volgende prente. Kies EEN prent en skryf 'n verhalende, beskrywende of bespiegelende opstel daaroor.

1.6.1 [*Image Library*]



1.6.2 [*Image Library*]



1.6.3 [*Image Library*]



1.6.4 
[*Image Library*]

**TOTAAL AFDELING A:** (50)

# Memorandum 2007 – Paper 3

## ALGEMENE ASSESSERINGSRIGLYNE VIR VRAESTEL 3

1. Bestudeer en bespreek die rubriek baie deeglik. Beplanning en redigering is by die rubriek ingesluit.
2. As skryfstukke heeltemal uit die vraestel saamgeflans word (dele van opdragte uit die vraestel word net so oorgeskryf), sal die skryfstuk nie logies opeenvolg nie en die leerder ontvang dan geen punte nie. Kommentaar sal wees: Nie eie werk nie./Geen kommunikasie nie./Saamgeflans
3. As 'n onderwerp misgetas word, word die leerder ook streng penaliseer vir inhoud en kommunikasie ('n baie lae punt). Taal kan normaal nagesien word.

Die gebruik van die volgende simbole is nie verpligtend nie. Dit dien slegs as voorbeeld.

| SIMBOOL | BESKRYWING | VERDUIDELIKING |
|---|---|---|
| __ | Kort strepie | Spelfout |
| _____ | Lang streep | Foutiewe woorde |
| (.......) | Hakies | Woordorde |
| ^ | Weggelaatteken | Woord(e) weggelaat |
| .. .. | Eenwoordteken | Behoort een woord te wees |
| ? (kantlyn) | Groot vraagteken | Effens onduidelik |
| x | Kruisie | Komma weggelaat |
| T (kantlyn) | Hoofletter T | Tye verwar |
| herh (kantlyn) | Afkorting | Herhaling van gedagtes |
| // | Twee skuinsstrepies | Dui nuwe paragraaf aan |
| | Kronkelstreep | Onverstaanbaar |
| | Hoofletter | Skryf self die hoofletter in |
| vs | Vraestel | Dele net so uit vraestel oorgeskryf |

## AFDELING A : LANGER SKRYFSTUKKE

### VRAAG 1

**1.1 VERHALEND**

As die taxi nie gestop het nie, was my lewe nog dieselfde.

**Kriteria:**

+ Is dit 'n storie?
+ Is daar karakters?
+ Vind daar gebeure plaas, is daar ontwikkeling?
+ Goeie verrassende slot.
+ Oortuig die verhaal?
+ Is die verhaal boeiend?
+ Is daar logiese ontwikkeling?
+ Is die skryfstuk 'n samehangende geheel?

**TAAL**

Die opdragte is baie spesifiek so gegee dat die leerder presies weet wat die doel, teikengroep en konteks van elke teks moet wees.

**INHOUD**

+ Is daar 'n samehang in sinne en paragrawe?
+ Word daar verwys na:- die gebeurtenis wat die lewe verander het?
  plek en tyd?
  wat gebeur het?
  wie almal betrokke was?
  hoe die persoon gevoel het?

**KOMMUNIKASIE**

+ Word oor die onderwerp gekommunikeer, m.a.w. word die gebeurtenis genoem?
+ Was dit werklik 'n gebeurtenis wat jou lewe verander het?
+ Oortuig die verhaal?
+ Of oortuig dit nie werklik nie?
+ Wat is my reaksie: is die verhaal mooi, interessant, gewoon, alledaags?

**1.2 BESKRYWEND**

Dit wat ek vandag is, het ek te danke aan.

**Kriteria:**

+ Dit wat beskryf word, moet so werklik vir die leser wees as wat dit vir die skrywer is.
+ Kan as't ware sien en ervaar.
+ Die persoonlikhede word lewensgetrou beskryf.
+ Plekke en gebeure word presies en akkuraat beskryf.
+ Woorde word fyn gekies.
+ Inleiding en slot is gepas.

**TAAL**

Die opdragte is baie spesifiek so gegee dat die leerder presies weet wat die doel, teikengroep en konteks van elke teks moet wees.

**INHOUD**

+ Is daar 'n samehang in sinne en paragrawe?
+ Word die invloed van persoon op lewe beskryf?
+ Klink dit soos 'n persoonlike ervaring/belewenis?

**KOMMUNIKASIE:**

+ Word dit wat beskryf word, so werklik in die leser se verbeelding as wat dit vir die skrywer is?
+ Wat is my reaksie: is die beskrywing goed, interessant, gewoon, alledaags?
+ Of oortuig dit nie werklik nie?

**1.3 BESPIEGELEND**

Om 'n tiener te wees is nie maklik nie.

**Kriteria:**

+ 'n Spesifieke standpunt word ingeneem en
+ Oortuigend gemotiveer.
+ Logiese ontwikkeling
+ Kom tot 'n gevolgtrekking

**TAAL**

Die opdragte is baie spesifiek so gegee dat die leerder presies weet wat die doel, teikengroep en konteks van elke teks moet wees.

**INHOUD**

+ Is daar 'n samehang in sinne en paragrawe?
+ Word daar bespiegel oor die probleme wat die lewe van die tieners moeilik maak?

**KOMMUNIKASIE**

+ Word daar oortuigend oor die onderwerp gekommunikeer, m.a.w. word dit waaroor bespiegel word, so werklik in die leser se verbeelding as wat dit vir die skrywer is?
+ Wat is my reaksie: is die argument goed, interessant, gewoon, alledaags?
+ Of oortuig dit nie werklik nie?

**1.4 ARGUMENTEREND**

Vleilandprojekte is 'n goeie ding.

**Kriteria:**

+ Oor 'n saak word gedebatteer en argumente daarteen word gegee.
+ Die skrywer het persoonlike ondervinding of goeie kennis van die onderwerp.
+ Die probleem of saak word omskryf.
+ Positiewe en negatiewe standpunte word gestel.
+ Verskillende opinies word teen mekaar opgeweeg.
+ Eie mening is logies en sistematies uiteengesit.

**TAAL**

Die opdragte is baie spesifiek so gegee dat die leerder presies weet wat die doel, teikengroep en konteks van elke teks moet wees.

**INHOUD**

+ Is daar 'n samehang in sinne en paragrawe?
+ Word gevoelens oor vleilandprojekte uitgespreek?
+ Word daar gesê hoekom vleilandprojekte 'n goeie ding is?
+ Pas argumente by onderwerp.
+ Word 'n eie mening logies en sistematies uiteengesit?
+ Word daar tot 'n gevolgtrekking gekom?

**KOMMUNIKASIE**

+ Word daar oor die onderwerp gekommunikeer, word insig oor die onderwerp openbaar, het skrywer werklik oor onderwerp gedink?
+ Wat is my reaksie: is die argumente goed, interessant, gewoon, alledaags?
+ Of oortuig dit nie werklik nie?

**1.5 BEREDENERENDE SKRYFSTUK**

TV-speletjies is gevaarlik.

**Kriteria:**

+ Redes word akkuraat gegee.
+ Redes is uitgebrei.
+ Leser gelei tot insig en kennis.
+ Skrywer bly neutraal.

**TAAL**

Die opdragte is baie spesifiek so gegee dat die leerder presies weet wat die doel, teikengroep en konteks van elke teks moet wees.

**INHOUD**

+ Is daar 'n samehang in sinne en paragrawe?
+ Is daar redes gegee waarom TV-speletjies gevaarlik is?
+ Is die redes akkuraat?
+ Word die leser tot insig en kennis gelei?
+ Bly die spreker neutraal?

**KOMMUNIKASIE**

+ Word daar oor die onderwerp gekommunikeer, m.a.w. is die redes wat gegee word, geloofwaardig?
+ Wat is my reaksie: is die redes goed, interessant, gewoon, alledaags?
+ Of oortuig dit nie werklik nie?

**TOTAAL AFDELING A: [50]**